

DIE BOEK OPENBARING

Hoofstuk 15

Inleiding

Hoofstuk 15 en 16 vorm 'n eenheid. Hoofstuk 15 is 'n inleiding tot hoofstuk 16. Die bakke met plaë (skale) wat in hoofstuk 16 openbaar word, word in hoofstuk 15 voorberei.

Vers 2-4 is inderdaad vooruitskouend (antisiperend), want dit openbaar dinge wat in die hemel sal wees nadat die sewe skale klaar uitgiet en in die geskiedenis uitgespeel het.

- So openbaar die Here byvoorbeeld dat die skare die lied van Moses gaan sing!
- Dis die lied wat hy geskryf het terwyl hulle die nag deur die Rooi See getrek het.

Die ooreenkoms tussen die twee stelle mense:

- Die groep op die walle van die Rooi See het die oordeel van God oorleef, want die tien plaë is by hulle verby.
- Hierdie laaste groep het die sewe skaalbakke se oordele oorleef. Hulle is deur die tyd in die ewigheid in.

Hoofstuk 15 stel die oordele van die Here in 'n besondere lig: Hulle is heilig en verskriklik! Die oordele van die Here is vir die gelowiges streng, maar regverdig en vol waarheid en genade.

Vers 1

En ek het 'n ander teken in die hemel gesien, groot en wonderlik: sewe engele met die sewe laaste plaë, want daarmee is die grimmigheid van God voleindig. (Openbaring 15:1 AFR1953)

Johannes sien nog 'n openbaring – 'n ander (*allos*) een. Dit beteken dis 'n openbaring waarvan hy tot nou toe nog niks gesien het nie.

Die openbaring is **groot en wonderlik** – met ander woorde dit kom van God af.

Daar verskyn sewe engele.

- Volgens die beskrywing in vers 6 weet ons dat hulle priesterlike drag aan het.
- Hulle verskyn elkeen met 'n bak (skaalbak) in die hand.
 - Die sewe bakke bevat die volle toorn van die Here.
 - Sewe is die getal van volheid – met ander woorde hulle moet die volle raadsplan van God oor die oordeel laat uitvoer.

Hierdie plaë word die *laaste plaë* genoem omdat die uitgiet (uitvoering) van hierdie plaë die einde van die wêreldgeskiedenis bewerk – en daarmee saam die eindoordeel.

Hierdie plaë – veral die laaste een – ontledig die toorn/gramskap van die Here teen al die satansmagte en sondaars. Daarmee kom die woede van die Here teen sy vyande (dus ook die vyande van die Here Jesus Christus) tot 'n einde.

Vers 2

En ek het gesien iets soos 'n see van glas, gemeng met vuur. En die oorwinnaars oor die dier en oor sy beeld en oor sy teken, oor die getal van sy naam, het ek by die see van glas sien staan, met siters van God. (Openbaring 15:2 AFR1953)

Voordat die laaste oordele/plae begin, openbaar die Here eers weer sy genade. Dis in die openbaringe van die Here 'n tipiese werksmetode van Hom.

- Hy neem Johannes (en daarmee ons almal as deel van die heilige kerk!) eers by die oordele verby tot op 'n punt waar al die uitverkorenes in die ewige heerlijkheid van God is.
- Die Here laat ons eers sien dat ons die oordele oorleef en gered en by Hom versorg word in die ewigheid – daarna kom Hy terug na die oordele tydens die wêreldgeskiedenis.

Die openbaring gaan terug na die tien plae wat Egipte getref het.

- Daarna het die Israeliete deur die Rooi See gevlug.
- Farao en sy weermag is in die see verdrink – die Here het hulle verdrink!
- Op die oorkantste strand het die Israeliete 'n oorwinningslied gesing wat die nag deur Moses gedig was.

Daardie lied was 'n loflied aan God.

- Net so sing die gereddes nou by die see van glas 'n loflied aan God.
- Net so is dit nadat die Here die vyand (antichris en sy magte) verbreek en vernietig het.

Die see van glas is die simbool van God se heiligheid en regverdigheid.

- Dit simboliseer die gerig waardeur die Here sy volle toorn oor die donker magte uitgestort het.
- Die woorde **soos 'n see van glas** beeld die helderheid en deursigtigheid van God se raad uit – die Here het nooit verswyg dat Hy die ongeregtigheid gaan straf nie! Hy het dit van die begin af en altyddeur duidelik en helder geopenbaar!

Nou aan die einde is sy regverdigheid blinkend en deurskynend uitgevoer – soos glas!

Die helder deurskynende glas het nog 'n eienskap – **gemeng met vuur**.

- Die vuur simboliseer die vernietigende oordeel van God!
- Net soos wat Farao se hele leër verdrink is, so het die Here die totale mag van die hel (saam met al sy strukture) in die parskuip van sy toorn ten bloede toe vernietig.

Nou staan die gereddes en kyk lofsingend terug op die bees en almal wat sy merkteken op hulle gekry het – hulle is almal tot niet!

Die mense van die eindtyd het verskillende verbintenisse met die dier gehad:

- **sy beeld**
- **sy teken**
- **die getal van sy naam**

Hulle het gedink dat dit wonderlik is om so diep in die dier se organisasie betrokke te wees.

- Daar is talle sulke organisasies met twyfelagtige doelstellings, beplanning en werke in ons tyd!

- En daar is mense wat maghonger is en hierdie organisasies die hoogste doel van hulle lewens maak!

Hierdie gereddes wat die oorwinningslied sing was van al die dinge gevrywaar!

- Hulle het net vasgehou aan die aanbidding van die Here – aan die Woord van God en die aanbidding van die Here Jesus Christus.
- Hulle het dit beleef dat die Here die dier en al sy magsmiddele vernietig.

Daarom is hulle nou twee dinge gelyktydig: Hulle is verlostes en oorwinnaars.

- Hulle het siters.
- Hulle maak musiek en hulle sing – hulle is vol innerlike blydschap en vreugde.

Hulle is met hulle hele wese in blydschap en sonder vrees en spanning in die tempeldiens van God.

Vers 3, 4

En hulle het die lied gesing van Moses, die dienskneg van God, en die lied van die Lam, en gesê: Groot en wonderlik is u werke, Here God, Almagtige; regverdig en waaragtig is u weë, o Koning van die heiliges!

Wie sal U nie vrees nie, Here, en u Naam nie verheerlik nie? Want U alleen is heilig; want al die nasies sal kom en voor U aanbid, omdat u regverdige dae openbaar geword het.

(Openbaring 15:3, 4 AFR1953)

Die lied van Moses waarna hier verwys word, is in Eksodus 15. (Daar is ook 'n lied van Moses in Deuteronomium 32, maar dit word net die lied van Moses genoem omdat hy dit gedig het – dis nie die oorwinningslied by die Rooi See nie).

dienskneg van God,

- Moses het nie die uittog self beplan of behartig nie.
- God was die Beplanner en die Uitvoerder.
- Moses was bloot die uitvoerder wat deur die Here aangesê was.
- Die werklike dader van alles was God.

die lied van die Lam,

Die lied word hier 'n nuwe naam gegee – die lied van die Lam. Waarom?

- Omdat Moses se lied profeties was van die Lam se finale oorwinning oor die dier en die magte van die hel.
- Nou het die Lam oorwin. Hy het die lied van sy oorwinning aan die gereddes gegee.

Daarom sing die gereddes oor die oorwinning van die Lam.

en gesê: Groot en wonderlik is u werke, Here God, Almagtige; regverdig en waaragtig is u weë, o Koning van die nasies!

- Al is die mense reeds in die volmaakte, kan mens die verwondering en verbasing in hulle stem hoor. Hulle sing van die grootheid en die wonderlikheid van die Here se werke.

- Die werke word ook paaie/weë genoem – dit verwys na die manier/wyse waarop die Here werk.
- Daar is 'n opeenstapeling van vier Godsname om die grootheid van God aan te toon in hulle aanbidding en lofsang:
 - **Here** (Kurios – Oorwinnaar in die oorlog)
 - **God** (Theos – God die Skepper en Bestierder)
 - **Almagtige** (letterlik: die Een wat oor alle kragte beskik en dit uitoefen)
 - **Koning van die nasies**

Daar is van die swakker lesings wat lees: **Koning van die heiliges**.

Die lesing *nasies* is waarskynlik die korrekte een, want God is nie net Koning van die heiliges nie.

- Hy is die Koning van alle volke omdat alle volke aan Hom behoort.
- Daarom straf hy uit alle volke/nasies diegene wat Hom nie wil aanbid nie – en red Hy uit alle nasies die wat Hom as God eer en dien.
- Die mense wat almal daar by die see van glas staan, kom inderdaad uit alle nasies.

Kyk wat bely ons van die kerk (dis dié wat daar met die siters staan) in die Heidelbergse Kategismus:

Vraag 54: Wat glo jy van die heilige, algemene, Christelike kerk?

Antwoord: Dat die Seun van God uit die hele menslike geslag vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord in die eenheid van die ware geloof van die begin van die wêreld af tot die einde toe vergader, beskerm en onderhou en dat ek daarvan 'n lewende lid is en ewig sal bly.

Wie sal U nie vrees nie, Here, en u Naam nie verheerlik nie? Want U alleen is heilig; want al die nasies sal kom en voor U aanbid, omdat u regverdige dade openbaar geword het.

Die woorde is 'n samevatting: Almal in die hemel eer en loof die Here.

- Die plaë/oordele is verby.
- In die uitvoering van die plaë het hierdie gereddes die werk van die Here in sy volle krag gesien.
- Hulle het hulle eie redding gesien en deurgemaak – maar hulle het ook gesien hoe die Here die ongelowiges uit alle volke vernietig.
- Daarom loof hulle almal saam die Here.
- Hulle erken sy heiligheid – **U alleen is heilig!** Natuurlik, want hulle het mos nou gesien dat die satan en al sy trawante (die Dier & Kie) glad nie heilig is nie!

Vers 5, 6

En ná hierdie dinge het ek gesien, en kyk, die tempel van die tent van die getuënis in die hemel is geopen.

En die sewe engele met die sewe plae het uit die tempel uitgekom, bekleed met rein, blink linne, en om die bors omgord met goue gordels. (Openbaring 15:5, 6 AFR1953)

Die woorde **die tempel van die tent van die getuënis in die hemel** beteken dat dit die binneste heiligdom van God se woning/ blyplek is.

Vergelyk hiervoor Openbaring 11:19

En die tempel van God het in die hemel oopgegaan, en sy verbondsark is in sy tempel gesien, en daar was weerligte en stemme en donderslae en aardbewing en groot hael. (Openbaring 11:19 AFR1953)

Die gedeelte berus op die opdrag wat die Here vir Moses gegee het – en wat hy toe uitgevoer het:

Verder het hy die Getuënis geneem en dit in die ark neergelê en die draaghoute aan die kant van die ark ingestek, en die versoendeksel het hy bo-op die ark gesit. Toe het hy die ark in die tabernakel gebring en die voorhangsel tot bedekking opgehang en die ark van die Getuënis bedek, soos die HERE Moses beveel het. (Eksodus 40:20. 21 AFR1953)

Die beeld is van die Ou Testament af deurgevoer tot in die Nuwe Testament. Vergelyk hiervoor onder andere Numeri 9:15 waar 'n duidelike verwysing hierna is:

En op die dag toe hulle die tabernakel opgerig het, het die wolk die tabernakel van die tent van die Getuënis oordek, en in die aand was dit oor die tabernakel soos 'n gedaante van vuur, tot die môre toe. (Numeri 9:15 AFR1953)

En ook Numeri 1:53:

Maar die Leviete moet laer opslaan rondom die tabernakel van die Getuënis, dat daar geen toorn oor die vergadering van die kinders van Israel kom nie. So moet dan die Leviete die diens van die tabernakel van die Getuënis waarneem. (Numeri 1:53 AFR1953)

Die Christene van die vroeë kerk het ook die uitdrukking geken. Vergelyk hiervoor Handeling 7:44

Die tent van die Getuënis was onder ons vaders in die woestyn, soos Hy wat met Moses gespreek het, hom bevel gegee het om dit te maak volgens die afbeelding wat hy gesien het. (Handeling 7:44 AFR1953)

Die feit dat die Here die allerdiepste deel van sy woonplek oopmaak, dui daarop dat die einde van die tyd op die aarde nou aangebreek het.

- God gaan nou sy getuënis (sy verbond) bevestig, met ander woorde tot volmaakte uitvoering bring.

Die engele van wie ons reeds in vers 1 geleer het, kom uit die binneste heiligdom van God se woning.

- Hulle het hoëpriesterlike klere aan.
- Dit beteken dat hulle die “naaste” aan die Here werk in hulle aanbidding.
- Hulle werk by die altaar voor die troon van die Here.

Omdat die mense op die aarde opgehou het om die Here te dien, stuur die Here die engelepriesters om die mense op die aarde met die volle geweld van sy toorn te tref.

- Die beskrywing van hulle kleredrag – **bekleed met rein, blink linne**, – is die simbool van hulle reinheid en heiligheid.
- Die woorde – **en om die bors omgord met goue gordels** – simboliseer hulle waardigheid en bevoegdheid en gereedheid om dadelik hulle werk te doen.

Vers 7

En een van die vier lewende wesens het aan die sewe engele sewe goue skale gegee, vol van die grimmigheid van God wat leef tot in alle ewigheid. (Openbaring 15:7 AFR1953)

Ons ken die lewende wesens al uit hoofstuk 4:6. Hulle is verteenwoordigers van die hele skepping en alles wat daarin lewe.

- Die lewende wese oorhandig die uitgemete oordeel van die Here aan elkeen van die sewe engele.
- Die feit dat die lewende wese die sewe skaalbakke vol oordeel uitdeel, wys daarop dat hy niks daarteen het dat die oordele van die Here voltrek word nie. Hy stem daarmee saam en hy bring ook sy deel sodat dit kan gebeur en afgehandel word.
- Hy werk dus ook saam in volle harmonie met die wil van God.

Anders gestel: Die feit dat die lewende wese sy werk stilswyend en deeglik doen, beteken dat hy die noodsaaklikheid en die regverdigheid van die oordele erken en bely.

Om die ewigheid en die grootheid van God aan te toon, skryf Johannes: **God wat leef tot in alle ewigheid.** Dit wat hy sien en beleef, dwing hom om ter wille van die kerk op die aarde hierdie feit in te skryf.

Die beklemtoning van hierdie feit is al eerder deur Johannes neergeskryf:

En elke keer as die lewende wesens heerlikheid en eer en danksegging gee aan Hom wat op die troon sit, wat tot in alle ewigheid lewe, val die vier en twintig ouderlinge neer voor Hom wat op die troon sit, en aanbid Hom wat tot in alle ewigheid lewe, en werp hulle krone voor die troon (Openbaring 4:9, 10 AFR1953)

En die engel wat ek op die see en op die land sien staan het, het sy hand na die hemel opgehef, en hy het gesweer by Hom wat tot in alle ewigheid lewe, wat die hemel geskape het en wat daarin is, en die aarde en wat daarin is, en die see en wat daarin is, dat daar geen tyd meer sal wees nie; (Openbaring 10:5, 6 AFR1953)

Vers 8

En die tempel het vol rook geword uit die heerlikheid van God en uit sy krag, en niemand kon ingaan in die tempel voordat die sewe plae van die sewe engele voleindig was nie. (Openbaring 15:8 AFR1953)

Die rook in die tempel is soms die simbool van die volle werking van God se heiligheid. Dink hier byvoorbeeld aan wat gebeur het by die tent van samekoms:

Toe het die wolk die tent van samekoms oordek, en die heerlikheid van die HERE het die tabernakel vervul, 35 sodat Moses nie in die tent van samekoms kon ingaan nie, omdat die

wolk daarop gerus en die heerlijkheid van die HERE die tabernakel vervul het.
(Eksodus 40:34, 35 AFR1953)

Net so gebeur dieselfde ding wanneer die tempel van Salomo in gebruik geneem word:

En toe die priesters uit die heiligdom uitgaan, het die wolk die huis van die HERE vervul. En die priesters kon vanweë die wolk nie staan om diens te doen nie, want die heerlijkheid van die HERE het die huis van die HERE vervul. (1 Konings 8:10, 11 AFR1953)

Maar hier in Openbaring 15 is dit die teenoorgestelde: Dis die simbool van die volle werking van God se heilige toorn.

- Natuurlik kan die toorn van die Here nie van sy heiligheid losgemaak word nie, want Hy word juis toornig omdat sy heiligheid geskend word.
- Omgekeerd is dit ook waar: Sy heiligheid eis dat die sondes gestraf moet word. Daarom is die Here toornig op alle sondes en onbekeerlikheid.

Die bedoeling is dat niemand weer in die tempel mag/kan ingaan nie, totdat al die skaalbakke met toorn op die aarde uitgegooi is nie.

- Let op die ellendes vir die wat dan nog nie tot bekering gekom het nie:
 - Daar kan nie meer enige voorbidding vir genade in die tempel van God gedoen word nie.
 - Alle genadetyd is verby – die deur is toegemaak om te gaan genade vra.

Vergelyk die volgende:

Hou sy goedertierenheid vir altyd op? Is dit met die belofte gedaan van geslag tot geslag? Het God vergeet om genadig te wees? Of het Hy in toorn sy barmhartighede toegesluit?
(Psalms 77:9 AFR1953)

Maar die HERE het vir my gesê: Al staan Moses en Samuel voor my aangesig, my siel wil niks van hierdie volk weet nie; dryf hulle van my aangesig af weg, en laat hulle heengaan.
(Jeremia 15:1 AFR1953)

... wat ook die Here Jesus en hulle eie profete gedood en ons vervolg het en God nie behaag nie en teen alle mense gekant is, deurdad hulle ons verhinder om tot die heidene te spreek dat hulle gered kan word, sodat hulle die maat van hulle sondes gedurig vol kan maak. Maar die toorn het oor hulle gekom tot die einde toe.
(1 Tessalonisense 2:15, 16 AFR1953)